

## TERUGBLIK OP MY TRONKBEDIENING

Na byna nege jaar se tronkbediening is die laaste “lidmaat” op parool vrygelaat en het my bediening tot ‘n einde gekom. Wat ‘n wonderlike en geseënde tydperk was dit nie! As ek terugkyk, is daar baie gedagtes wat by my opkom. Ek deel graag ‘n paar met jou.

Roeping: Tot my skande moet ek sê dat dit lank gevat het voordat ek gehoor gegee het aan Jesus se opdrag in Matteus 25 “in die tronk, en julle het My besoek.” As ek vandag terugkyk, besef ek hoe groot die Here se genade oor my was om my te roep tot hierdie wonderlike bediening wat vir my meer beteken het as vir my broers in die tronke. Hiermee bedank ek elkeen van julle wat tot my vorming bygedra het en wens julle die Here se seën toe. By Zonderwater Gevangenis by Cullinan het ek die Lewende Water Bediening(Johannes 4:10) begin en daarna by Modderbee Gevangenis by Springs die Lewende Brood Bediening(Johannes 6:51).

Bekering: Menige keer het ek die proses van bekering van gevangenes beleef. Ware berou oor die sonde. Eers die inkeer, dan die omkeer en dan ware bekering. Hoe wonderlik om baie maal die getuienis te hoor: “Ek het gedink ek is ‘n Christen, maar hier in die tronk het ek eers die Here waarlik ontmoet. Hier het ek kom leer wat bekering is.” Petrus sê tereg in Handeling 3:19: “Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis.” Aan die hand van Jeremia 31:21 het ek gepoog om tot die proses van bekering by te dra: “Rig vir jou padwysers op, bring vir jou rigtingborde aan, hou jou oog op die grootpad, op die pad wat jy moet loop.” Maar veral ook waar Jeremia ‘n paar verse vroeër vermeld dat Efraim vir die Here vra: “Bekeer my, dan sal ek my bekeer.”(1933 vertaling) Ten diepste is bekering die Here se werk! Ek moet maar net bid en vra dat die Here my bekeer.

Barmhartigheid: Om tronkbediening te doen, is dit nodig om die Here se barmhartigheid te verkondig soos Dawid dit in Psalm 103:8 verwoord: “Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.” Jesus sê in Matteus 5:7 “Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.” Jy moet nie net weet die Here is barmhartig nie, jy moet self ook barmhartig wees. Barmhartig beteken jy moet verbonde wees aan die wat hulp nodig het, soos die Here deur sy verbond, sy liefde, sy genade aan jou verbonde is. Barmhartig is iets soos jammer kry, jou ontferm, ontroerd wees. Ten diepste dus ‘n hartsgeïndheid.

Geestelike groei: Om die groei van ‘n baba, ‘n klein diertjie of ‘n plantjie waar te neem, vul jou met verwondering. Wie van ons is nie nog meer dankbaar vir geestelike groei nie? By onself, ons kinders, familie, vriende en gemeetelede. Weet jy hoe wonderlik geestelike groei in die tronk is? Om week na week die groei te beleef, vul jou met oneindige dankbaarheid en nederigheid. Dan beleef jy prakties wat Paulus in Efesiërs 4 oor geestelike groei sê. Ons groei na Christus toe. Die groei, so skryf Paulus, hou aan totdat ons, sy kerk, soos ‘n volgroeiende mens sal wees, so volmaak en volwasse soos Christus!

Dankbaarheid: Wie anders as Paulus sou in 1 Tessalonisense 5 die opdrag gee: “Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.” En in Efesiërs 5 dat ons God altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus moet dank. Het hy die reg om van ons dankbaarheid **in alle omstandighede** en oor **alles** te verwag? Kan ek van gevangenes verwag om selfs in haglike omstandighede in die tronk dankbaar te wees? Ja, want Paulus was self in die tronk! Onskuldig in die tronk! Maar daar het die Here vir hom die tyd gegee om byna ‘n derde van die Nuwe Testament te skryf! Sodat ek en jy en alle gevangenes kan leer wat dankbaarheid is. Dankbaar ten spyte van. Soos die groot “nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder”, waarvan ons in Habakuk lees.

Die Woord: Sonder die Bybel is tronkbediening onmoontlik. Dalk klink dit vir jou belaglik om so 'n voor-die-hand-iggende gedagte hier neer te pen? Weet jy hoeveel Bybels ek eers vir gevangenes moes uitdeel voordat ek die evangelie van genade en verlossing aan hulle kon ontsluit? Het jy al daaraan gedink dat die Satan graag die Bybel vir gevangenes(en natuurlik ook vir my en jou) wil toesluit? Soos Paulus uit die tronk in 2 Timoteus 2 sê dat hy geboei is soos 'n misdadiger, maar dat die Woord van God nie geboei kan word nie. Die Woord is vry en maak vry. Selfs in die tronk of in my en jou haglike omstandighede. Maar onthou, die Satan probeer sy bes om deur omstandighede ons hart te verander en toe te sluit en so die Woord te boei. Die Woord agter tralies in die tronk te sit. Het jy al daaraan gedink wat in jou eie gemoed sal aangaan as die tronkdeure agter jou toeklap? Sal jy nie dan dalk glo dat die Bybel nou ook toegesluit is nie? Ook vra waar God dan is nie? Bid ek en jy gereeld vir ons broers en susters in die tronk? Dank ons die Here dat die Woord nie geboei kan word nie?

Genade: Menige keer as ek met mense oor tronkbediening praat, het ek al gesê dat die tronk my geleer het wat genade waarlik is. Die hele Bybel is tot oorloopen toe vol van genade. Genade op genade(Johannes 1:16). Die tronkbediening het my gedwing om veral op genade te fokus want hoe anders kan jy gevangenes troos en bemoedig? En toe ontdek ek hoe genade myself ook troos en bemoedig! Van die talle gedagtes oor genade wat ek oor die jare oorgedra het, meld ek hier net 'n paar. Dawid, die man na God se hart, was 'n moordenaar en egbreker en uit genade is sy sonde vergewe. In Matteus 1 word van drie "skarlakenvroue"(lees prostitute) en een vervloekte Moabiet, in Jesus se geslagsregister vermeld. Uit genade is ook hulle sonde vergewe en skaam Jesus Hom nie vir hulle nie! Op pad na Damaskus word 'n ander moordenaar uit genade gered en sy sonde vergewe. Persoonlik dink ek die toppunt van Jesus se genade is aan die misdadiger saam met Hom aan die kruis: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Daarom was dit vir my moontlik om vir my broers in die tronk wat agter tralies was weens moord, verkragting, bedrog, dwelms en diefstal, die evangelie van genade en redding te verkondig. En te ervaar hoe die meeste van hulle uit genade buite die tronk 'n tweede kans as nuwe mense gekry het! Daarvoor kom al die lof die Here toe.

Jan Lubbe(Geestelike Werker, Lewende Brood Bediening, Gereformeerde Kerk Benoni)